

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



September 2012



’n Nuwe lewenswyse

## Lees binne...

- Elektroniese netwerke en die gesin – 1
- Tevrede kopers en verkopers – 2
- James Lovelock en die Gaia-teorie – 3
- Vasbyt in die vreemde – 4

## In hierdie uitgawe

- BI 1       Elektroniese netwerke en die gesin (Ds Rue Hopley)
- BI 2       **Van die redakteur, dr André Ungerer**  
Tevrede kopers en verkopers
- BI 3       **Aktuele sake**  
James Lovelock en die Gaia-teorie (Prof Piet van der Merwe)
- BI 4       **Kerkwêreld**  
Vasbyt in die vreemde (Dr Louis Bezuidenhout)
- BI 5       **Kerkwerf**  
Toer die droom (Lizaan Brits)  
Nuwe aanstelling by Fakulteit  
Predikant in huwelik bevestig  
Predikante presteer  
Beroepe aanvaar
- Ble 6-7   **Gespreksforum**  
Wat glo jy van die Kerk? (Dr Daan van Wyk sr)  
Is dit reg om 'n gemeente so te verlaat? (Dr RJ Coertze)  
Steeds 'n Hervormer vs steedsHervormer(s) (Ds Nico Brayshaw)  
Politiek hoort nie in die Kerk nie (Tolla Strydom)
- Agterblad **Oordenking**  
God se grootheid, mense se nietigheid (Dr Ananda Geysler-Fouché)

## Tevrede kopers en verkopers

**Dr André Ungerer**, redakteur, skryf oor grondbesit. Grondbesit is deur die eeue hoog geag. In die Bybel vind ons talle voorbeelde van grondtransaksies, en wat opval by al hierdie grondtransaksies, is die deursigtigheid waarmee dit geskied. Daar is getuies betrokke wat die transaksies goedkeurend betrag, en daar is elke keer by die kopers en verkopers groot tevredenheid te bespeur.

Grondonteiening in Suider-Afrika wek by baie mense groot kommer, en daarby het die woord *restitusie* die afgelope maande 'n gonswoord in die Hervormde Kerk geword. Daar is gemeentelidmers wat in sekere gemeentes 'n meerderheid lidmate agter hulle geskaar het deur onder andere 'n vrees vir restitusie by hulle aan te wakker. Restitusie sou daarop neerkom dat die staat kerkeiendom wil vervreem omdat die Kerk hul teologiese begroning van apartheid bely het. Daar is gemeentes wat reeds met 'n meerderheidsbesluit hul gemeente-eiendom onder 'n nuwe naam oorgedra het. Hul predikante het uit die Hervormde Kerk bedank, en sit hul bediening voort in hul ou-nuwe gemeentes. Dit is ironies dat terwyl daar in Suid-Afrika 'n onderliggende vrees vir onverantwoordelike grondonteiening is, hierdie gemeentes poog om kerklike eiendom op 'n uiters kontroversiële wyse van die Hervormde Kerk te vervreem.

Vrees vir restitusie is die motivering wat voorgehou word vir dié ingrypende aksie. Die vraag ontstaan: Is die vrees vir restitusie 'n relevante bedreiging, of is dit 'n rookskerm? In Zimbabwe, word van 'n betroubare bron verneem, is daar tot nou toe op geen kerklike eiendom beslag gelê nie. Daar was nie eens naastenby enige aanstalles in dié rigting nie. Selfs al sou die onwaarskynlike in Suid-Afrika gebeur en kerklike eiendom kom in gedrang, wat vrywaar dié gemeentes wat in die naam van 'n vereniging geregistreer is, van dieselfde gewraakte onteiening?

Dit laat die vermoede ontstaan dat daar waarskynlik ander redes moet wees, daarom dat die proses wat plaasgevind het, anders as in die geval van die Bybelse voorbeelde, hoegenaamd nie bevredig nie. Ringskommissies is tans besig om 'n regsproses aan die gang te sit waarin die proses wat gevolg is, betwis gaan word omdat ringsvergaderings en ringskommissies nie in die aanloop geken is nie. Dit kan in 'n uitgerekte hofstryd ontaard wat deur baie noukeurig gevolg sal word.

Intussen, die pleidooi aan die owerhede om die herverdeling van grond só te bestuur dat die proses deursigtig en so ver moontlik tot bevrediging van al die partye sal wees. Laat ons verder bid dat ons van enige vorm van eiendomsanargie, op watter wyse ook al, gespaar sal bly.

\*\*\*\*\*

## Elektroniese netwerke en die gesin

Soos gesinne destyds moes aanpas by 'n televisiestel in elke huis, so sal gesinne vandag moet aanpas by slimfone, sosiale en ander elektroniese netwerke in elke huis. **Ds Rue Hopley** waarsku dat dit ons niks sal help om hieroor soos volstruise ons koppe in die sand te steek nie. Dit sal ons ook niks help om betrokke te raak by eindelose debatte oor die onderwerp nie. Biljoene mense wêreldwyd gebruik hierdie netwerke vandag. Dit is meer as bloot 'n fenomeen, dit het 'n lewenswyse geword.

Maar waar los dit ons en ons gesinne? Soos met alle ander sake in die lewe, is die goue middeweg altyd die beste weg om te volg. Ons gesinne word verseker direk geraak deur hierdie netwerke. Ons manier van lewe word direk daardeur geraak. Ons taak is om hierdie goue middeweg vir ons gesinne te vind. Om met die feite voor hande die regte keuses vir ons gesinne te maak as dit kom by die gebruik van sosiale en ander elektroniese netwerke. Ons het die verantwoordelikheid om self te besluit wat voordelig, nadelig en funksioneel is vir ons gesinne. Om bewustelik en verantwoordelik op te tree en nie net saam met die stroom te vloei nie, was tog nog altyd ons opdrag.

\*\*\*\*\*

## James Lovelock en die Gaia-teorie

**Prof Piet van der Merwe** skryf onderhoudend oor James Lovelock (gebore 1919), 'n bekende Britse skeikundige en sisteemingenieur wat in die sewentigerjare saam met die mikrobioloog Lynn Margulis 'n teoretiese model uitgewerk het oor die aarde as 'n selfonderhoudende, interafhanklike en digsluitende ekosisteem. Lovelock het die naam *Gaia-hipotese* daarvoor gekies – 'n keuse wat sowel positiewe as negatiewe gevolge gehad het. *Gaia* is die naam van 'n oergodin in die Griekse mitologie. Sy was die klassieke *moeder aarde* wat geboorte aan verskeie gode en mitiese figure geskenk het. In sommige Griekse dialekte was sy ook bekend as *Gea*, 'n woord wat die basis vorm van *geo*, 'n bekende voorsetsel soos in *geologie*, *geometrie*, *geofisika* en dies meer.

Die hipotese wou 'n verklaring bied waarom die aarde 'n selfregulerende lewensomgewing uitmaak, terwyl 'n planeet soos Mars byvoorbeeld lank gelede reeds die meeste van sy atmosfeer verloor het en geen oënskynlike tekens van lewe vertoon nie.

In 'n telefoniese onderhoud met 'n Amerikaanse nuuskanaal vroeër vanjaar het Lovelock (nou 92 jaar oud) erken dat hy vroeër onnodig alarmisties was en dat die toepassing van die Gaia-teorie veel meer kompleks is as wat hy gedink het. Van baie van die sleutelfaktore en veranderlikes weet die wetenskap buitendien te min. Hoewel hy steeds glo dat die globale samelewing op 'n ramp afstuur indien daar nie van die huidige verkwistende en kortsigtige bestaanspatroon afgewyk word nie, dink hy nie meer dat dit binne hierdie eeu sal realiseer nie. Hy het ook laat deurskemer dat hy met 'n nuwe boek besig is waarin sy jongste opvattinge uiteengesit sal word.

Die belangrikste sleutelfaktor is natuurlik lewe. Hoe meer hieroor navorsing gedoen word, hoe ingewikkelder word die prentjie. Wetenskaplikes is dit byvoorbeeld nie eens oor wat by die kategorie lewe in- of uitgesluit moet word nie. Volgens die Gaia-teorie is dit egter belangrik dat lewensvorme in hul ryke verskeidenheid gehandhaaf moet word. Die oorwoekering en eksploitasie van die ganse aarde en natuur deur die mens, ten koste van die ryke verskeidenheid van lewe, sal op die duur 'n wanbalans teweegbring waarvoor die mensdom 'n swaar prys sal moet betaal.

God het ons vir sy skepping verantwoordelik gestel, en daarom kan ons nie anders nie as om dit met erns te bejeën. Mense soos James Lovelock mag hul tyd dalk ver vooruit wees, maar die waarskuwings wat hulle rig, durf nie ligtelik opgeneem te word nie.

\*\*\*\*\*

## Ander berigte

Daar is ook 'n artikel van **dr Louis Bezuidenhout**, vroeër predikant en professor van die Hervormde Kerk en nou predikant in die Church of Scotland, berigte oor **Gemeente Philadelphia** se fietstoer waarmee fondse ingesamel word vir minderbevoorregtes, en nuusberigte oor van ons **predikante**. **Dr Ananda Geysler-Fouché** van die Fakulteit Teologie se oordenking handel oor God se grootheid en die mens se nietigheid.